

Donderdag 30 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 22:1-5 (AFR83)

Fokusgedeelte: Openbaring 22:1-5

Rykdom van die nuwe Jerusalem

Die nuwe Jerusalem, die stad wat in die woorde van Hebreërs 11 vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is, daarna het Abraham uitgesien. Daarom het hy en Isak en Jakob in die beloofde land Kanaän soos vreemdelinge in 'n vreemde land in tente gewoon. “Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak” (Heb. 11:16).

Johannes is uitnemend bevoorreg om *direkte uitsig op dié stad van God* te kry! Dis onvergelykbaar heerliker as wat Moses op sy oudag vanaf die Pisgaberg 'n uitsig oor die beloofde land Kanaän gekry het. Die stad wat Johannes gesien het, is breër en langer en hoër as wat die oog kan sien. Die Allerheiligste van die tempel wat Salomo gebou het volgens die plan wat Dawid in 'n openbaring gekry het, was 'n kubus met die lengte en breedte en hoogte dieselfde afmetings. In die geval van die tempel was dit telkens net enkele *meters*; daarteenoor is die afmetings van die nuwe Jerusalem in *baie kilometers*! God bedink en doen *groot*!

Van die uitstaande sake wat Johannes dadelik gesien het, is dat daar op die nuwe aarde nie meer 'n see is nie en ook nie meer 'n *tempel* in die nuwe Jerusalem nie en dat die stad nie die son of maan nodig het om hom te verlig nie. Die enigste *water* waarvan daar sprake is – op die nuwe aarde het die see nie meer bestaan nie, Openbaring 21:1 – is die *rivier met die water van die lewe wat gestroom het uit die troon van God en van die Lam*. By dié rivier het die *boom van die lewe* gestaan, dié boom waarvan ons die eerste keer lees in Genesis 2. Na die sondeval is die toegang tot dié boom uitgesluit (Gen. 3:23-24). Dan spreek dit boekdele dat dié boom van die lewe nou langs die pad staan en die rivier met die water van die lewe aan die anderkant van die boom vloei, en ons ken die betekenis van 'n boom wat langs waterstrome geplant is (Ps. 1:3)! So getuig alles in die stad in oortreffende mate van die teenwoordigheid en die heiligheid van God en hoe Hy letterlik alles vir alles sal wees (1 Kor. 15:28).

Moses was destyds so uitnemend bevoorreg om van naby met die Here te doen te hê. Eksodus 33:11 sê dat die Here direk met Moses gepraat het “soos 'n man met sy vriend”. En tog, toe Moses na 'n intense worsteling met God oor sy teenwoordigheid op die woestynreis gevra het: “Laat ek tog net u magtige verskyning sien”, het God geantwoord (Eks. 33:20): “Vir My kan jy nie *sien* nie, want geen mens kan My *sien* en bly lewe nie.” Dan is dit absoluut wonderlik om in Openbaring 22:4 te lees: “Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees.”

Kan die rykdom van die nuwe Jerusalem duideliker uitgespel word as juis hoe dit aan Johannes geopenbaar is? Dit is die rykste vervulling van wat in die harte van die gelowiges soos Abraham geleef het én van wat mense soos Moses persoonlik ervaar het! Mag God ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop ons roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het (Ef. 1:18)!

Sing: Skrifberyming 18-3:1

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)